Weskerk
PREEKREEKS

# REWIND PAUSE PLAY

*Ontdek weer waarvoor jy geskep is*

15, 22 & 29 Januarie 2023

# REWIND

## Genesis 1

# ◀◀REWIND TERUG NA ONS DOEL

1. Ons is gemaak in die beeld van God, met ‘n doel, om in verhouding met hom te wees.
2. Ons is geseënd met die asem van die lewe van God. God vervul ons.
3. God het gedink dit was goed. Hy het hoop gehad.
4. Die mens is in verhouding met mekaar geskep as helpers van mekaar.
5. God het ons nog ‘n kans gegee. Hy het aan ons genade gewys en ‘n nuwe geleentheid om te kan oor begin.

# PAUSE

Efesiërs 2:1-10

PAUSE

Toe die wêreld stilgestaan het

# PAUSE

1Julle was dood as gevolg van julle oortredings en
sondes 2wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk
het. Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en
julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die
gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat
aan God ongehoorsaam is. 3So het ons trouens vroeër
ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes
oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons
gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het.

*Efesiërs 2:1-10*

# PAUSE

Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die
ander mense deur God gestraf moes word. 4Maar
God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief.
5Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as
gevolg van ons oortredings, saam met Christus
lewend gemaak. Uit genade is julle gered! 6Ja, in
Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit
die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel
gegee, 7sodat God ook in die tye wat kom,

*Efesiërs 2:1-10*

# PAUSE

sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur
die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys
het. 8 Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof.
Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe
van God. 9 Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en
daarom het niemand enige rede om op homself trots
te wees nie. 10 Nee, God het ons gemaak wat ons nou
is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te
wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

*Efesiërs 2:1-10*

PAUSE

17 Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe
skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit
het alles nuut geword.

2 Korintiërs 5:17 OAV

# NUUTGEMAAK VIR 'N DOEL

- Om te **LEEF**!
- Om getuies te wees van sy groot genade.
- Om ons lewens te wy aan goeie dade.
- Om vir God te lewe

# PAUSE

'Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê. '

*Galasiërs 2:19-20*

# NUUTGEMAAK VIR 'N DOEL

- Om te **LEEF**!
- Om **getuies** te wees van sy groot genade.
- Om ons lewens te wy aan **goeie dade**.
- Om **vir God** te lewe
- Om **God se beeld** uit te straal

# ‖ PAUSE

'en moenie vir mekaar lieg nie. Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God. '

*Kolossense 3:9-10*

## ⏸ PAUSE

'Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.'

*Efesiërs 4:22-24*

Weskerk

PREEKREEKS

# REWIND PAUSE PLAY

*Ontdek weer waarvoor jy geskep is*

**15, 22 & 29 Januarie 2023**